dagstukkies met Helané

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

3 APRIL 2019

Spreuke 31: 10: #Waardevol
"Wie sal 'n ywerige vrou vind, want haar waarde is ver bo robyne."

Vir enige vrou sal Spreuke 31 baie intimiderend wees. Ek bedoel, bestaan so 'n vrou ooit? Wie is so perfek? Wel, eerstens is ons almal, man en vrou, die bruid van Jesus so Spreuke 31 verwys dalk nie net na ons vrouens nie, maar na die kerk in die geheel. Tweedens verwys dit nêrens dat die vrou se fisiese voorkoms belangrik is nie. Dit noem nie dat ons maer moet wees of die mooiste en duurste klere moet dra nie. Dit verwys wel na wysheid, integriteit, karakter en dit is waar die waarde lê.

Die Here het geweet my man gaan nie 'n beeldskone model van 'n vrou nodig hê nie. Hy gaan wel iemand nodig hê wat genoeg genade en wysheid sal hê om te verstaan waardeur hy gaan as die skaduwees oor sy lewe kom val. Hy gaan iemand nodig hê wat hom nie gaan oordeel nie, maar wat hom gaan reghelp en hom gaan herinner aan sy identiteit en gesag in Jesus Christus. Maar daardie genade, kennis en wysheid wat diep in 'n vrou se hart lê was daar geplant. Die helfte daarvan het die Here in ons DNA geweef voor ons gebore was en die ander helfte was gebore uit seer, teleurstellings en verwerping wat ons in die lewe ervaar het.

Maar ons almal weet die Here kom neem daardie seer en verwerping en hy gebruik dit! Dit vorm jou karakter en bou jou wysheid, mits jy vir Jesus toelaat om jou weer heel te maak. Romeine 8:28 sê: "Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet, die wat volgens sy besluit geroep is." Die vraag is net hoe YWERIG is jy om jou wysheid op 'n liefdevolle manier en met deernis in ander se lewens te saai, want daardie saad is vir Jesus se koningkryk baie waardevol!

Jesus Liefde